



THE PROVINCE OF TRANSVAAL  
**Official Gazette**  
**Extraordinary**



Die Provinsie Transvaal  
**Buitengewone**  
**Offisiële Koerant**

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

VOL. 212

PRETORIA,

25 MAY  
 25 MEI

1970

3451

Administrator's Notice 550

25 May, 1970

REGULATIONS GOVERNING THE TRANSVAAL JOINT MUNICIPAL ANNUITY AND GRATUITY FUND (NON-EUROPEAN), ESTABLISHED BY THE ADMINISTRATOR IN TERMS OF SECTION 79 OF THE LOCAL GOVERNMENT ORDINANCE, 1939. (ORDINANCE 17 OF 1939).

The Administrator hereby, in terms of section 79ter of the Local Government Ordinance, 1939, makes the following regulations with effect from 1st July, 1970.

CHAPTER 1.

PRELIMINARY.

*Definitions.*

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates —

“Act” means the Pension Funds Act, 1956 (Act 24 of 1956), and any regulations framed thereunder;

“actuary” means an actuary approved by and acting during the pleasure of the Administrator and who is a Fellow of an institute, faculty, society or chapter of actuaries likewise approved by the Administrator;

“advisory board” means the advisory board referred to in regulation 6;

“annuity” means the annual sum payable to a pensioner;

“calendar month” means a period from the first to the last day of any month, both such days inclusive;

“child” means the child of a member and includes a posthumous child, a stepchild, an illegitimate child and an adopted child, including a child who is the offspring of a customary union recognised as valid by Bantu law and custom and who is wholly dependent upon a member for support and maintenance, subject to proof of the facts in each case to the satisfaction of the committee;

“committee” means the committee of management referred to in regulation 4;

“continuous service” of a member means the last unbroken period of service of the member with any local authority or local authorities after the attainment of the age of seventeen years and after the effective entry date of the member; Provided that —

(a) two periods of service shall be considered as continuous if separated only by —

(i) authorised leave of absence;

(ii) a break in service regarded as leave without pay or otherwise condoned by the committee on the recommendation of the local authority concerned;

(iii) a period of suspension followed by re-instatement in the same or another office or post;

Administrateurskennisgewing 550

25 Mei 1970

REGULASIES INSAKE DIE TRANSVAALSE GE-MEENSKAPLIKE MUNISIPALE JAARGELD- EN GRATIFIKASIEFONDS (NIE-BLANK) DEUR DIE ADMINISTRATEUR INGESTEL INGEVOLGE ARTIKEL 79ter VAN DIE ORDONNANSIE OP PLAAS-LIKE BESTUUR, 1939 (ORDONNANSIE 17 VAN 1939).

Hierby maak die Administrateur, ingevolge artikel 79ter van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die volgende regulasies met ingang vanaf 1 Julie 1970.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

*Woordomskrywings.*

1. In hierdie regulasies, tensy die samehang anders aandui, beteken —

„afhanklike” met betrekking tot 'n lid —

(a) 'n eggenote (met inbegrip van 'n vrou wat 'n gewoon-teverbintenis ooreenkomstig Bantoereg en -gebruik aangegaan het), eggenoot, weduwee (met inbegrip van 'n vrou wat die langlewende is van 'n gewoon-teverbintenis wat ooreenkomstig Bantoereg en -gebruik aangegaan is), wewenaar of minderjarige kind van sodanige lid;

(b) 'n vader, moeder, broer, suster of mondige kind wat algeheel of gedeeltelik van sodanige lid afhanklik is vir steun en onderhoud en wat die komitee tevrede stel dat hy aldus afhanklik is;

(c) enige ander persoon wat geheel en al van sodanige lid vir steun en onderhoud afhanklik is en wat die komitee tevrede stel dat hy aldus afhanklik is;

„aktuaris” 'n aktuaris deur die Administrateur goedgekeur, wat optree solank dit die Administrateur behaag en wat 'n „fellow” van 'n instituut, fakulteit, vereniging of kapittel van aktuarisse is insgelyks deur die Administrateur goedgekeur;

„algemene raad” die algemene raad waarna daar in regulasie 7 verwys word;

„boekjaar” enige jaar eindigende op 31 Desember;

„bydraes” met betrekking tot enige terugbetaling van bydraes, sluit nie rente in nie;

„deurlopende diens” van 'n lid, die laaste deurlopende dienstyd van die lid by enige plaaslike bestuur of plaaslike bestuure na bereiking van die ouderdom van sewentien jaar en na die effektiewe inskrywingsdatum van die lid: Met dien verstande dat —

(a) twee dienstydperke as deurlopend beskou word as hulle slegs geskei word deur —

(i) goedgekeurde afwesighedsverlof;

(ii) 'n onderbreking in diens wat beskou word as verlof sonder betaling of wat andersins deur die komitee gekondoneer is op aanbeveling van die betrokke plaaslike bestuur;

- (iv) a break in service whilst transferring from one local authority to another, if condoned by the committee;
- (v) a period of absence, not exceeding 30 days at a time, caused as a result of the operation of the regulations published in terms of the Bantu Labour Act, 1964 (Act 67 of 1964) in respect of Labour Bureaux at Bantu Authorities;
- (b) the continuous service of a member shall include any period in respect of which the member contributes to the Fund in terms of these regulations;
- (c) on or after the fixed date, any period in respect of which a member has not paid contributions shall not be taken into account in calculating the period of his continuous service;
- (d) the continuous service of a member who is an employee of a local authority on the date upon which such local authority becomes associated with the Fund in terms of a scheme approved under regulation 22, shall include the period determined to be so included in terms of the said regulation;
- (e) no member shall be entitled to benefits under more than one regulation in respect of the same period of service;
- (f) the period of continuous service shall be calculated by the year and the month and a fraction of a month shall be disregarded;

"contributions", in relation to any refund of contributions, shall not include interest;

"dependant" in relation to a member means —

- (a) a wife (including a woman who has entered into a customary union in accordance with Bantu law and custom), husband, widow (including a woman who is the survivor of a customary union entered into in accordance with Bantu law and custom), widower or minor child of such member;
- (b) a father, mother, brother, sister or a major child wholly or in part dependent upon such member for support and maintenance and who satisfies the committee that he is so dependent;
- (c) any other person wholly dependent upon such member for support and maintenance who satisfies the committee that he is so dependent;

"effective entry date" in respect of any member means the date upon which the member becomes a member of the Fund, or, if the member's service since he first became a member of the Fund does not constitute continuous service in terms of these regulations, the "effective entry date" in respect of the member means the date of commencement of the last period of continuous service: Provided that in respect of a member who is an employee of a local authority on the date upon which such local authority becomes associated with the Fund in terms of a scheme approved under regulation 22, the "effective entry date" for such member shall be a date determined in accordance with such scheme;

"employee" means any person other than a white person as defined in section 1 of the Population Registration Act, 1950 (Act 30 of 1950), who is employed by a local authority in a salaried or graded post on the fixed establishment in a permanent and fulltime capacity and who has attained the age of seventeen years but has not attained the pension age;

"financial year" means any year ending on the 31st December;

"fixed date" in respect of any local authority means the date on which the local authority becomes associated with the Fund;

- (iii) 'n tydperk van skorsing gevolg deur herstelling in dieselfde of in 'n ander pos of amp;
- (iv) 'n diensonderbreking tydens oorplasing van een plaaslike bestuur na 'n ander, as dit deur die komitee gekondoneer word;
- (v) 'n tydperk van afwesigheid wat nie 30 dae op 'n slag oorskry nie, wat veroorsaak is as gevolg van die werking van die regulasies wat ingevolge die Wet op Bantoearbeid, 1964 (Wet 67 van 1964) ten opsigte van Arbeidsburo's by Bantoeowerhede gepubliseer is;
- (b) die deurlopende diens van 'n lid enige tydperk insluit ten opsigte waarvan die lid ingevolge hierdie regulasies tot die Fonds bydra;
- (c) op of na die vasgestelde datum geen tydperk, ten opsigte waarvan 'n lid nie bydraes betaal het nie, in aggeneem word by die berekening van die tydperk van sy onderbroke diens nie;
- (d) die deurlopende diens van 'n lid wat 'n werknemer van 'n plaaslike bestuur is op die datum waarop sodanige plaaslike bestuur met die Fonds geassosieer word ingevolge 'n skema wat kragtens regulasie 22 goedgekeur is, die tydperk insluit wat ingevolge genoemde regulasie bepaal word om aldus ingesluit te word;
- (e) geen lid geregtig is op voordele kragtens meer as een regulasie ten opsigte van dieselfde dienstydperk nie;
- (f) die tydperk van deurlopende diens volgens die jaar en die maand bereken word en dat 'n gedeelte van 'n maand veronagsaam word;

„diens” diens as 'n werknemer ingevolge hierdie regulasies;

„effektiewe inskrywingsdatum” ten opsigte van enige lid, die datum waarop die lid 'n lid van die Fonds word, of, indien die lid se diens vandat hy vir die eerste keer lid van die Fonds geword het nie deurlopende diens ingevolge hierdie regulasies is nie, beteken die „effektiewe inskrywingsdatum” ten opsigte van die lid die aanvangsdatum van die laaste tydperk van deurlopende diens: Met dien verstande dat ten opsigte van 'n lid wat 'n werknemer van 'n plaaslike bestuur is op die datum waarop sodanige plaaslike bestuur met die Fonds geassosieer word ingevolge 'n skema wat kragtens regulasie 22 goedgekeur is, die „effektiewe inskrywingsdatum” vir sodanige lid 'n datum is wat ooreenkomstig sodanige skema bepaal is; „Fonds” die Transvaalse Gemeenskaplike Munisipale Jaargeld- en Gratifikasiefonds (nie-blank) ingevolge regulasie 2 ingestel;

„jaargeld” die jaarlikse bedrag wat aan 'n pensioentrekker betaalbaar is;

„kalendermaand” 'n tydperk van die eerste dag tot die laaste dag van enige maand, met inbegrip van beide sodanige dae;

„kind” die kind van 'n lid en omvat 'n nakind, 'n stiefkind, 'n onegte kind en 'n aangenome kind met inbegrip van 'n kind wat die nasaat is van 'n gewoonteverbintenis wat as geldig deur Bantoeereg en -gebruik erken word en wat geheel en al afhanklik is van 'n lid vir ondersteuning en onderhoud, onderworpe aan bewyse van die feite in elke geval tot voldoening van die komitee;

„komitee” die komitee van bestuur in regulasie 4 genoem;

„lid” 'n werknemer wat tot die Fonds ingevolge hierdie regulasies bydra;

„pensioendraende emolumente” ook —

(a) salaris of loon;

(b) lewenskostetoelae;

(c) een sesde van die bedrae waarna in (a) en (b) verwys word wanneer —

“Fund” means the Transvaal Joint Municipal Annuity and Gratuity Fund (non-European) established in terms of regulation 2;

“general board” means the general board referred to in regulation 7;

“local authority” means a town council and a village council as defined in section 2 of the Local Government Ordinance, 1939;

“member” means an employee who is a contributor to the Fund in terms of these regulations;

“pensionable emoluments” means and includes —

- (a) salary or wages;
- (b) cost of living allowance;
- (c) one-sixth of the amounts referred to in (a) and (b) whenever —
  - (i) occupation of quarters, whether belonging to the local authority or not, is allowed free of rent as a portion of the member's emoluments; or
  - (ii) any allowance is granted in lieu of the provision of free quarters or any allowance is paid towards the provision of quarters;

(d) any ration allowance or the value of free rations as determined by the committee;

but does not include —

- (aa) any special remuneration which may be received for performing special duties or while acting in an office whether permanently or temporarily vacant, or for piecework;
- (bb) any transport or subsistence allowance;
- (cc) any fees, honoraria or bonuses of any kind;
- (dd) any overtime payment;
- (ee) any other allowance not herein specified;

“pension age” in respect of any member means the age of 60 years;

“pensioner” means a retired member in receipt of an annuity from the Fund;

“Registrar” means the Registrar of Pension Funds appointed under the Act;

“secretary” means the person appointed as such by the committee in terms of regulation 5(1)(1), who shall also be the principal officer of the Fund as defined in section 1 of the Act;

“service” means service as an employee in terms of these regulations;

“superannuation fund” means a superannuation or pension fund established by a local authority for its employees and includes a fund or scheme of a local authority ensuring benefits to such employees on retirement;

“town clerk” means the chief executive officer of a local authority;

and any other word or expression shall have the meaning assigned thereto in the Act or in the Local Government Ordinance, 1939.

## CHAPTER II.

### ESTABLISHMENT OF THE TRANSVAAL JOINT MUNICIPAL ANNUITY AND GRATUITY FUND (NON-EUROPEAN) AND MANAGEMENT THEREOF.

#### *Establishment of the Fund.*

2. (1) A fund is hereby established which shall come into operation on the first day of July, 1970, and which shall be known as the Transvaal Joint Municipal Annuity and Gratuity Fund (non-European).

- (i) bewoning van woongeriewe, of dit aan die plaaslike bestuur behoort of nie, kosteloos toegelaat word as deel van die lid se emolumente, of
- (ii) enige toelae toegestaan word in plaas van die verskaffing van kostelose woongeriewe of enige toelae ter bestryding van die koste van die verskaffing van woongeriewe betaal word;

(d) enige rantsoentoeleae of die waarde van vry rantsoene soos bepaal deur die komitee, maar omvat nie —

- (aa) enige spesiale vergoeding wat ontvang word vir die verrigting van spesiale pligte of terwyl daar in 'n amp waargeneem word, of dit permanent of tydelik vakant is, of vir stukwerk nie;
- (bb) enige vervoer- of verblyftoeleae;
- (cc) enige gelde, honoraria of bonusse van enige aard;
- (dd) enige oortydbetaling;
- (ee) enige ander toelae wat nie hierin gespesifiseer word nie;

„pensioenfonds” ’n pensioenfonds wat deur ’n plaaslike bestuur vir sy werknemers ingestel is en sluit in ’n fonds of skema van ’n plaaslike bestuur wat voordele aan sodanige werknemers by aftrede verseker;

„pensioenleef tyd” ten opsigte van enige lid, die ouderdom van 60 jaar;

„pensioentrekker” ’n afgetrede lid wat ’n jaargeld van die Fonds ontvang;

„plaaslike bestuur” ’n stadsraad en ’n dorpsraad soos omskryf in artikel 2 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939;

„raad van advies” die raad van advies waarna daar in regulasie 6 verwys word;

„Registrateur” die Registrateur van Pensioenfondse wat ingevolge die Wet aangestel is;

„sekretaris” die persoon wat as sodanig deur die komitee ingevolge regulasie 5(1)(1) aangestel is, wat ook die hoof-beampte van die Fonds is soos in artikel 1 van die Wet omskryf;

„stadsklerk” die hoof uitvoerende beampte van ’n plaaslike bestuur;

„vasgestelde datum” ten opsigte van enige plaaslike bestuur, die datum waarop die plaaslike bestuur met die Fonds geassosieer word;

„werknemer” enige ander persoon as ’n blanke soos omskryf in artikel 1 van die Bevolkingsregistrasiewet, 1950 (Wet 30 van 1950), wat in diens van ’n plaaslike bestuur is in ’n besoldigde of gegradeerde pos op die vaste diensstaat in ’n permanente en voltydse hoedanigheid en wat die ouderdom van sewentien jaar maar nie die pensioenouderdom bereik het nie;

„Wet” die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet 24 van 1956) en enige regulasies ingevolge daarvan opgestel; en het enige ander woord of uitdrukking die betekenis wat in die Wet of die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, daaraan geheg word.

## HOOFSUK II.

### INSTELLING VAN DIE TRANSVAALSE GEMEENSAPLIKE MUNISIPALE JAARGELD- EN GRATIFIKASIEFONDS (NIE-BLANK) EN DIE BESTUUR DAARVAN.

#### *Instelling van die Fonds.*

2. (1) ’n Fonds word hierby ingestel wat op die eerste dag van Julie, 1970 in werking tree en wat bekend staan as die Transvaalse Gemeenskaplike Munisipale Jaargeld- en Gratifikasiefonds (nie-blank).

(2) The object of the Fund shall be to provide benefits for non-European employees and retired employees of local authorities and the dependants of such employees and retired employees.

(3) The Fund shall be a body corporate and shall be capable of suing and being sued in its own name and of doing all such things as may be necessary for or incidental to the exercise of its powers or the performance of its functions in terms of these regulations.

(4) Every local authority existing on the date upon which the Fund comes into operation, with the exception of those local authorities exempted by the Administrator in terms of section 79ter(4) of the Local Government Ordinance, 1939, shall become associated with the Fund on the coming into operation of the Fund: Provided that the Administrator may, in respect of a local authority exempted in terms of section 79(ter)(4) of the Local Government Ordinance, 1939, fix a date on which such local authority shall become associated with the Fund.

(5) Every local authority established after the date upon which the Fund comes into operation, shall become associated with the Fund on the date upon which such local authority is established.

(6) The registered office of the Fund shall be situated at 73, Elston Avenue, Benoni or at such other address as the committee may determine from time to time.

#### *Sources of the Fund.*

3. The Fund shall consist of —

- (a) contributions and interest paid into the Fund in accordance with these regulations;
- (b) income derived from the investment of moneys of the Fund; and
- (c) any other sums or assets to which the Fund may become entitled.

#### *Management of the Fund.*

4. (1) The management and direction of the Fund shall be vested in a committee of management of ten persons appointed by the Administrator and such committee of management may appoint an executive committee and such other subcommittees from its members as it may deem necessary and may delegate any of its powers to such executive committee and to such subcommittee.

A member of the committee appointed in terms of this sub-regulation shall hold office during the pleasure of the Administrator.

(2) The committee shall annually at its first meeting during any financial year elect a chairman who shall preside at meetings of the committee during the year and who shall have a casting vote in addition to his deliberative vote. If the chairman is absent at any meeting of the committee, the committee shall from its members elect a chairman for such meeting, who shall similarly have a casting and a deliberative vote at such meeting.

(3) The committee shall meet as often as is necessary, but not less than once every three months, for the dispatch of business.

(4) A member of the committee shall be entitled to receive a transport allowance of ten cents per mile for attending a meeting of the committee or of any subcommittee thereof of which he is a member and, if he resides more than one hundred miles from the registered office of the Fund, he shall in addition be entitled to a subsistence allowance of R6.30 for each day or part

(2) Die doelstelling van die Fonds is om voordele vir nie-blanke werknemers en afgetrede werknemers van plaaslike besture en die afhanklikes van sodanige werknemers en afgetrede werknemers te voorsien.

(3) Die Fonds is 'n regspersoon en bevoegd om eisend en verwerend in sy eie naam op te tree en om alle sodanige dinge te verrig wat nodig is vir of in verband staan met die uitoefening van sy bevoegdhede of die uitvoering van sy funksies ingevolge hierdie regulasies.

(4) Elke plaaslike bestuur wat op die datum bestaan waarop die Fonds in werking tree, met uitsondering van dié plaaslike besture wat deur die Administrateur ingevolge artikel 79ter (4) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 onthef is, word met die Fonds geassosieer wanneer die Fonds in werking tree: Met dien verstande dat die Administrateur ten opsigte van 'n plaaslike bestuur wat ingevolge artikel 79ter (4) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, onthef is, 'n datum kan vasstel waarop sodanige plaaslike bestuur met die Fonds geassosieer moet word.

(5) Elke plaaslike bestuur wat na die datum waarop die Fonds in werking tree, ingestel word, word met die Fonds geassosieer op die datum waarop sodanige plaaslike bestuur ingestel is.

(6) Die geregistreerde kantoor van die Fonds is geleë te Elstonlaan 73, Benoni, of by sodanige ander adres as wat die komitee van tyd tot tyd bepaal.

#### *Bronne van die Fonds.*

3. Die Fonds bestaan uit —

- (a) bydraes en rente wat aan die Fonds ooreenkomstig hierdie regulasies betaal word;
- (b) inkomste wat verkry word uit die belegging van gelde van die Fonds; en
- (c) enige ander bedrae geld of bates waarop die Fonds geregtig mag word.

#### *Beheer van die Fonds.*

4. (1) Die beheer en bestuur van die Fonds berus by 'n komitee van beheer van tien persone wat deur die Administrateur benoem is en sodanige komitee van beheer kan 'n uitvoerende komitee en sodanige ander onderkomitees uit sy lede aanstel as wat dit nodig ag en kan enige van sy bevoegdhede aan sodanige uitvoerende komitee en aan sodanige onderkomitee deleger. 'n Lid van die komitee wat ingevolge hierdie subregulasie benoem is, beklee sy amp solank dit die Administrateur behaag.

(2) Die komitee moet jaarliks by sy eerste vergadering tydens enige boekjaar 'n voorsitter kies wat oor vergaderings van die komitee gedurende die jaar moet presideer, en wat 'n beslissende stem benewens sy beraadslagende stem het. As die voorsitter afwesig is van enige komiteevergadering, moet die komitee uit sy lede 'n voorsitter vir sodanige vergadering kies, wat 'n soortgelyke beslissende sowel as 'n beraadslagende stem by sodanige vergadering moet hê.

(3) Die komitee moet so dikwels as wat nodig is, maar minstens een keer elke drie maande, vergader vir die rigting van sake.

(4) 'n Lid van die komitee is geregtig om 'n vervoer-toelae van tien sent per myl te ontvang vir die bywoning van 'n vergadering of van 'n komitee of enige onderkomitee daarvan waarvan hy lid is en, as hy meer as een honderd myl van die geregistreerde kantoor van die Fonds woonagtig is, is hy daarbenewens ook op 'n verblyftoelaag van R6.30 vir elke dag of deel daarvan van sodanige bywoning geregtig: Met dien verstande dat as die lid

thereof of such attendance: Provided that if the member is also a member of the committee of management of the Joint Municipal Pension Fund (Transvaal) established in terms of the Local Government Superannuation Ordinance, 1958 (Ordinance 16 of 1958), and is entitled to a transport and subsistence allowance from the latter fund in respect of the same day on which he attended a meeting of the committee of management of the Fund, he shall not be entitled to receive any transport and subsistence allowance from the Fund in respect of that day.

*Powers of the Committee.*

5. (1) Subject to the provisions of these regulations the committee shall have the following powers:—

- (a) To decide whether any person is qualified to be a member of the Fund;
- (b) to determine the method whereby the annual pensionable emoluments of hourly paid, daily paid and other workers shall be calculated and to give such directions in connection therewith as it may deem fit;
- (c) to settle all questions not otherwise herein provided for in respect of contributions, benefits, management, etc.;
- (d) to decide upon the periods of service in respect of which contributions may be made, or which may be included for pension purposes;
- (e) to adjust and decide upon all claims made upon the Fund;
- (f) to authorise the payment of claims made upon the Fund;
- (g) to authorise the payment of an annuity, a gratuity or other benefits payable;
- (h) to open banking accounts in the name of the Fund and to operate thereon in the customary manner;
- (i) to institute and defend legal proceedings of every kind in any court of law;
- (j) to perform any act of registration in any deeds office;
- (k) to buy in any property mortgaged to the Fund and to lease, maintain, control, sell, dispose of or otherwise turn to account the said property;
- (l) to appoint a secretary and such staff as may be necessary to administer the Fund, and to prescribe the terms and conditions of service of such employees and to engage professional and other assistance for the Fund;
- (m) with the prior written approval of the Registrar to invest in immovable property for the Fund's own use: Provided that surplus capacity may be let;
- (n) to accept any property on behalf of the Fund by way of donation or bequest;
- (o) to subscribe to any association of municipal or other pension funds having for its object the improvement and promotion of matters of common or mutual interest to such funds and their members;
- (p) to do all such things as are incidental or conducive to the attainment of the objects of these regulations.

(2) The committee is empowered to authorise such of its members as it may approve from time to time and upon such terms and conditions as may be approved by it, to sign any contract or other document binding the Fund or any document authorising the performance of any act on behalf of the Fund: Provided that documents

ook lid van die komitee van beheer van die Gemeenskaplike Munisipale Pensioenfonds (Transvaal) is wat ingevolge die Ordonnansie op die Pensioene van Plaaslike Besture, 1958 (Ordonnansie 16 van 1958) gestig is, en op 'n vervoer- en verblyfstoelae van laasgenoemde fonds geregtig is ten opsigte van dieselfde dag waarop hy 'n vergadering van die komitee van beheer van die Fonds bygewoon het, is hy nie daarop geregtig om enige vervoer- en verblyfstoelae van die Fonds ten opsigte van daardie dag te ontvang nie.

*Bevoegdhede van die Komitee.*

5. (1) Behoudens die bepalings van hierdie regulasies het die komitee die volgende bevoegdhede: —

- (a) om te besluit of 'n persoon bevoeg is om 'n lid van die Fonds te wees;
- (b) om die metode te bepaal waarvolgens die jaarlikse pensioendraende emolumente van werkers wat by die uur, by die dag of andersins betaal word, bereken moet word en om sodanige voorskrifte in verband daarmee te gee as wat hy goed dink;
- (c) om alle vraagstukke ten opsigte van bydraes, voordele, beheer, ensovoorts waarvoor daar nie andersins hierin voorsiening gemaak word nie, te besleg;
- (d) om te besluit oor die dienstermyne ten opsigte waarvan bydraes gedoen mag word, of wat vir pensioendoeleindes ingesluit mag word;
- (e) om alle eise teen die Fonds reg te stel en daaroor te besluit;
- (f) om magtiging te verleen tot die betaling van eise teen die Fonds;
- (g) om magtiging te verleen tot die betaling van 'n jaargeld, 'n gratifikasie of ander betaalbare voordele;
- (h) om bankrekeninge in die naam van die Fonds te begin en op die gebruikelike wyse daarop te trek;
- (i) om regsdinge van alle soorte in enige geregshof in te stel en te verdedig;
- (j) om enige registrasie in enige akteskantoor uit te voer;
- (k) om enige aan die Fonds verhipotekeerde eiendom te koop en om genoemde eiendom te verhuur, beheer, verkoop, van die hand sit of anders goeie gebruik daarvan te maak;
- (l) om 'n sekretaris en sodanige personeel aan te stel as wat nodig mag wees om die Fonds te administreer en om die dienstermyne en -voorwaardes van sodanige werknemers voor te skryf en om professionele en ander hulp vir die Fonds in diens te neem;
- (m) om met die voorafverkreë goedkeuring van die Registrateur in vaste eiendom vir eie gebruik van die Fonds te belê: Met dien verstande dat oortollige ruimte verhuur kan word;
- (n) om enige eiendom namens die Fonds as geskenk of bemaking te aanvaar;
- (o) om tot enige vereniging van munisipale of ander pensioen fondse by te dra waarvan die doel die verbetering en bevordering van sake van gemeenskaplike of wedersydse belang vir sodanige fondse en hulle lede is;
- (p) om alles te doen wat in verband staan met die bereiking van die doelstelling van hierdie regulasies of wat dit sal bevorder.

(2) Die komitee is bevoeg om sodanige van sy lede soos wat hy van tyd tot tyd aanwys en onderworpe aan sodanige voorwaardes soos hy bepaal, te magtig om enige kontrak of ander dokument waarby die Fonds onder 'n verpligting geplaas word of enige dokument waarby die verrigting van enige handeling ten behoeve van die Fonds

to be deposited with the Registrar shall be signed in the manner prescribed by the Act.

(3) Subject to the provisions of regulation 44 any dispute which may arise in regard to claims or interpretations under these regulations shall be decided by the committee: Provided that, if any party to such dispute is dissatisfied with the decision, the committee or party concerned may refer the dispute to the Administrator and his decision shall be binding upon the committee and the party concerned.

#### *Advisory Board.*

6. (1) For the purpose of advising the committee and generally to promote the interests of the Fund, there shall be an advisory board which shall be constituted as follows:—

- (a) A chairman, not being a member of the Fund, who shall be appointed by the Administrator on the recommendation of the committee and who shall hold office for such period as the Administrator may determine: Provided that if the chairman is unable to attend a meeting of the advisory board, the committee may appoint a person, not being member of the Fund, to preside at such meeting in his stead, and
- (b) six other persons, who shall be members of the Fund and who shall be elected, together with the same number of alternate members, by the general board as provided for in regulations 9 and 10.

(2) At least five of the members referred to in paragraph (b) of subregulation (1) and their alternates shall be resident within a radius of one hundred miles from the registered office of the Fund.

(3) The term of office of a member of the advisory board referred to in paragraph (b) of subregulation (1), and of an alternate member, shall commence immediately after the meeting of the general board at which he is elected and shall expire immediately after the next succeeding annual meeting of the general board, unless he is re-elected.

(4) Any member of the advisory board, and any alternate, shall cease to be a member or alternate, as the case may be, if he ceases to be a member of the Fund.

- (5) (a) Any vacancy on the advisory board caused by the death, resignation, or retirement of a member, or from any other cause, shall be filled by the remaining board members from the alternate board members at the next succeeding meeting of the advisory board.
- (b) Should a vacancy occur in the number of alternate members of the advisory board, the board shall at its next meeting, appoint a member of the general board to fill such vacancy.
- (c) A member and an alternate member of the advisory board appointed in terms of the preceding paragraphs shall hold office for the unexpired period of office of the member or alternate member of the board in whose place they were appointed.

(6) Any member of the advisory board who, without first having obtained leave of absence from the board, fails to attend three consecutive meetings of the board, shall become disqualified from continuing as a member of the board and his seat shall be declared vacant by the chairman, whereupon the vacancy shall be filled in accordance with the provisions of subregulation (5).

gemagtig word, te teken: Met dien verstande dat dokumente wat aan die Registrateur verstrekk moet word op die wyse soos in die Wet voorgeskryf, onderteken moet word.

(3) Behoudens die bepalings van regulasie 44 word enige geskil wat mag ontstaan ten opsigte van eise of interpretasies kragtens hierdie regulasies deur die komitee beslis: Met dien verstande dat, indien enige party wat by sodanige geskil betrokke is, ontevrede is met die beslissing, die komitee of betrokke party die geskil na die Administrateur kan verwys en sy beslissing is bindend vir die komitee en die betrokke party.

#### *Raad van Advies.*

6 (1) Daar moet, met die doel om die komitee te adviseer en die belange van die Fonds oor die algemeen te bevorder, 'n raad van advies wees wat soos volg saamgestel is:—

- (a) 'n Voorsitter wat nie 'n lid van die Fonds is nie, wat deur die Administrateur op aanbeveling van die komitee benoem word, en wat aanbly vir sodanige tydperk soos deur die Administrateur bepaal: Met dien verstande dat indien die voorsitter nie 'n vergadering van die raad van advies kan bywoon nie, die komitee 'n persoon kan aanstel wat nie lid van die Fonds is nie om in sy plek by sodanige vergadering die voorsitterstoel in te neem, en
- (b) ses ander persone wat lede van die Fonds moet wees en wat tesame met dieselfde aantal sekundi deur die algemene raad gekies moet word, soos bepaal in regulasies 9 en 10.

(2) Minstens vyf van die lede waarna in paragraaf (b) van subregulasie (1) verwys word en hulle sekundi moet binne 'n omtrek van een honderd myl van die geregistreerde kantoor van die Fonds woonagtig wees.

(3) Die ampstermyn van 'n lid van die raad van advies genoem in paragraaf (b) van subregulasie (1) en van 'n sekundus, neem 'n aanvang onmiddellik na die vergadering van die algemene raad waar hy gekies is en verval onmiddellik na die daaropvolgende jaarvergadering van die algemene raad, tensy hy herkies word.

(4) Enige lid van die raad van advies en enige sekunduslid, hou op om 'n lid of sekundus te wees, al na die geval, as hy ophou om 'n lid van die Fonds te wees.

(5)(a) Enige vakature in die raad van advies wat deur die oorlyde, bedanking, of aftrede van 'n lid veroorsaak word, of weens enige ander oorsaak, moet deur die oorblywende raadslede uit die raadsekundi by die eersvolgende vergadering van die raad van advies gevul word.

(b) Indien 'n vakature ontstaan in die aantal sekundi van die raad van advies, moet die raad by sy eersvolgende vergadering 'n lid uit die algemene raad, benoem om sodanige vakature te vul.

(c) 'n Lid en 'n sekundus van die raad van advies wat ingevolge die voorafgaande paragrawe benoem is, moet aanbly vir die onverstreke dienstermyn van die lid of sekundus van die raad, in wie se plek hulle benoem is.

(6) Enige lid van die raad van advies wat sonder dat hy vooraf van die raad verlof tot afwesigheid verkry het, afwesig is van drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die raad word onbevoeg om as raadslid aan te bly en sy setel word deur die voorsitter vakant verklaar, waarop die vakature ooreenkomstig die bepalings van subregulasie (5) gevul word.

- (7) (a) The advisory board shall hold an ordinary meeting for the dispatch of business as often as may be necessary, but shall hold not less than one meeting during the quarter commencing on the first day of January of each year.
- (b) The chairman may at any time, and shall at the written request of not less than three members of the advisory board, call a special meeting of the board.
- (c) A notice in writing setting out the business to be dealt with at a meeting shall be sent by the secretary to each member of the advisory board not less than seven days prior to the date of the meeting.

(8) The quorum necessary for the transaction of business at any meeting of the advisory board shall be four members of the board in addition to the chairman or his alternate who shall have no vote, except in the case of an equality of votes when the chairman or his alternate shall have a casting vote.

(9) A member of the advisory board shall, at the discretion of the committee, be entitled to receive a transport and subsistence allowance for attending a meeting thereof.

(10) Any decision of the advisory board shall be conveyed by the chairman to the committee without delay which shall consider such decision and may act thereon as it deems fit.

(11) The secretary or his nominee shall act as secretary of the advisory board.

#### General Board.

7. (1) A general board is to be constituted for the Fund in accordance with subregulations (2) and (3) hereof and shall consist of the following members —

- (a) The chairman of the committee as chairman: Provided that if he is unable to attend a meeting of the general board, the committee may appoint a person, not being a member of the Fund, to preside at such meeting.
- (b) One representative for each local authority which, on the first day of January of the year in which the meeting of the general board is to be held, had less than fifty members in its service, and
- (c) two representatives for each local authority which, on the date referred to in paragraph (b), had fifty or more members in its service.

(2) For the purpose of electing one or two representatives, as the case may be, to represent the members of a local authority on the general board, the town clerk of such local authority shall convene a meeting of the members of the Fund employed by such local authority within forty five days after the coming into operation of these regulations and thereafter on or before the fifteenth day of March in each year by giving notice to such members in writing at least seven days before such meeting, at which meeting he or his nominee shall preside as chairman.

(3) The election referred to in subregulation (2) shall be conducted in accordance with the following rules:—

- (a) The town clerk shall not accept a nomination in respect of a candidate who is not a member of the Fund, or is not employed by such local authority.

(7) (a) Die raad van advies hou 'n gewone vergadering vir die verrigting van sake so dikwels as wat nodig is, maar mag nie minder as een vergadering gedurende die kwartaal wat 'n aanvang neem op die eerste dag van Januarie van elke jaar, hou nie.

(b) Die voorsitter kan te eniger tyd, en moet op skriftelike versoek van minstens drie lede van van die raad van advies, 'n spesiale vergadering van die raad belê.

(c) 'n Skriftelike kennisgewing wat die sake uiteensit wat by 'n vergadering behandel moet word, word deur die sekretaris aan elke lid van die raad van advies gestuur minstens sewe dae voor die datum van die vergadering.

(8) Die kworum wat vir die verrigting van werksaamhede by enige vergadering van die raad van advies nodig is, is vier lede van die raad, benewens die voorsitter of sy sekundus wat geen stem het nie, behalwe by 'n staking van stemme wanneer die voorsitter of sy sekundus 'n beslissende stem het.

(9) 'n Lid van die raad van advies is, volgens die goeddunke van die komitee, geregtig om 'n vervoer- en verblyfstoelae te ontvang vir die bywoning van 'n vergadering daarvan.

(10) Enige besluit van die raad van advies moet deur die voorsitter aan die komitee sonder versuim oorgedra word wat sodanige besluit oorweeg en na goeddunke daarvolgens kan handel.

(11) Die sekretaris of sy genomineerde moet as sekretaris van die raad van advies optree.

#### Algemene Raad.

7. (1) 'n Algemene raad moet saamgestel word vir die Fonds ooreenkomstig subregulasies (2) en (3) hiervan en moet uit die volgende lede bestaan —

- (a) die voorsitter van die komitee as voorsitter: Met dien verstande dat as hy nie in staat is om 'n vergadering van die algemene raad by te woon nie, die komitee 'n persoon, wat nie lid van die fonds is nie, kan benoem om by so 'n vergadering voor te sit;
- (b) een verteenwoordiger vir elke plaaslike bestuur wat op die eerste dag van Januarie van die jaar waarop die vergadering van die algemene raad gehou staan te word, minder as vyftig lede in sy diens gehad het, en
- (c) twee verteenwoordigers vir elke plaaslike bestuur wat, op die datum genoem in paragraaf (b), vyftig of meer lede in sy diens gehad het.

(2) Met die doel om een of twee verteenwoordigers te kies, al na die geval, om die lede van 'n plaaslike bestuur in die algemene raad te verteenwoordig, moet die stadsklerk van sodanige plaaslike bestuur 'n vergadering van die lede van die Fonds wat in diens van sodanige plaaslike bestuur is, belê binne vyf-en-veertig dae na die inwerkingtreeding van hierdie regulasies en daarna voor of op die vyftiende dag van Maart in elke jaar deur sodanige lede minstens sewe dae voor sodanige vergadering skriftelik in kennis te stel, by welke vergadering hy of sy genomineerde die voorsitterstoel moet inneem.

(3) Die verkiesing genoem in subregulasie (2) moet ooreenkomstig die volgende reëls geskied:—

- (a) Die stadsklerk mag nie 'n nominasie ten opsigte van 'n kandidaat aanvaar wat nie lid van die Fonds is nie, of wat nie in diens van sodanige plaaslike bestuur is nie.

- (b) If the number of nominations received is equal to or less than the number of representatives to which the local authority is entitled in terms of subregulation (1), the member or the members nominated shall be declared elected.
- (c) If more nominations are received than the number of candidates to be elected, the town clerk shall forthwith conduct a secret ballot in the manner hereinafter provided for, for the purpose of electing one or, as the case may be, two representatives from the number of candidates nominated.
- (d) A member shall not be entitled to vote for more than the number of candidates to which the local authority is entitled in terms of subregulation (1).
- (e) The town clerk shall supply a ballot box which he shall seal before polling commences, in the presence of the attending members, after demonstrating to them that it is empty.
- (f) Each member shall complete the ballot paper handed to him and shall place it in the ballot box before he leaves the polling station.
- (g) Immediately after the close of the poll, the town clerk shall appoint two members as scrutineers to examine and to count the ballot papers in the presence of the candidates.
- (h) If the validity of a ballot paper is in question, or if there is a dispute between the scrutineers, the matter shall be referred to the town clerk, whose decision shall be final.
- (i) After the ballot papers have been counted, the town clerk and the scrutineers shall draw up a report in which the result of the election is indicated.
- (j) The town clerk and the scrutineers shall sign the report, and the candidate, or in the case where two candidates, are to be elected, the two candidates, who obtained the highest number of votes, shall be declared by the town clerk as duly elected.
- (k) In the event of two or more candidates receiving the same number of votes, the result of the election as far as such candidates are concerned, shall be determined by the drawing of lots between them.
- (l) The town clerk shall within seven days of the election submit the report to the Fund.

(4) The term of office of a member of the general board elected as aforesaid, shall commence on the first day of April in the year of his election and shall expire on the thirty-first day of March of the next succeeding year, unless he is re-elected: Provided that the term of office of a member of the first general board to be elected after the coming into operation of these regulations shall commence with effect from the date of his election.

(5) Any vacancy on the general board caused by the death, resignation or retirement from any cause of a member, shall not be filled before the next election held in terms of this regulation.

8. (1) The first meeting of the general board shall be held within seventy-five days after the coming into operation of these regulations and thereafter an annual meeting of the general board shall be held as soon as may be after the thirty-first day of March but not later than the thirtieth day of June in each and every year at a time and place to be determined by the committee.

(2) The secretary shall, at least fourteen days prior to the date of the meeting of the general board, notify each member of the general board and each local authority associated with the Fund in writing of the date, time and place of such meeting and the business to be dealt with

- (b) As die aantal nominasies wat ontvang is gelyk is aan of minder is as die aantal verteenwoordigers waarop die plaaslike bestuur ingevolge subregulasie (1) geregtig is, word die lid of lede wat genomineer is, verkose verklaar.
- (c) As meer nominasies ontvang word as die aantal kandidate wat gekies moet word, moet die stadsklerk daarop 'n geheime stemming instel op die wyse hierna bepaal, met die doel om een of twee verteenwoordigers, al na die geval, te kies uit die aantal kandidate wat genomineer is.
- (d) 'n Lid is nie geregtig om vir meer as die aantal kandidate te stem waarop die plaaslike bestuur ingevolge subregulasie (1) geregtig is nie.
- (e) Die stadsklerk moet 'n stembus verskaf wat hy moet verseël voordat stemmery begin, in die teenwoordigheid van die bywonende lede nadat hy aan hulle gedemonstreer het dat dit leeg is.
- (f) Elke lid moet die stembriefie voltooi wat aan hom oorhandig is en dit in die stembus plaas voordat hy die stemkantoor verlaat.
- (g) Onmiddellik nadat die stembus gesluit is, moet die stadsklerk twee lede as stemopnemers aanstel om die stembriefies te ondersoek en te tel in die teenwoordigheid van die kandidate.
- (h) As die geldigheid van 'n stembriefie betwyfel word, of as daar 'n geskil onder die stemopnemers is, moet die saak na die stadsklerk verwys word, by wie die eindbeslissing berus.
- (i) Nadat die stembriefies getel is, moet die stadsklerk en die stemopnemers 'n verslag opstel waarin die resultaat van die verkiesing aangedui word.
- (j) Die stadsklerk en die stemopnemers moet die verslag onderteken en die kandidaat, of in die geval waar twee kandidate verkies moet word, die twee kandidate wat die hoogste aantal stemme verkry het, word deur die stadsklerk behoorlik verkies verklaar.
- (k) Ingeval twee of meer kandidate dieselfde aantal stemme kry, moet die uitslag van die verkiesing vir sover dit sulke kandidate betref, deur lootjies trek tussen hulle, bepaal word.
- (l) Die stadsklerk moet binne sewe dae van die verkiesing, die verslag aan die Fonds voorlê.

